

**22 Junie**

**Kyk verder ... Christus kom!**

**Skrifgedeelte: Lukas 21:25-38**  
**Fokusgedeelte: Lukas 21:34**

Kyk om jou. Wat sien jy? Die wêreld sien twee dinge raak. Aan die eenkant sien die wêreld die sorg van die lewe, die moeite en verdriet daarvan (Ps 90:10). Aan die anderkant sien die wêreld die genot in oormatige eet en drink (1 Kor 6:13). Hierdie tonnelvisie stomp die wêreld af. Gevolglik sien die afgestompte wêreld niks anders as die uitsiglose hier en nou nie, en bly daarop gefokus ... en gaan uiteindelik ten gronde.

En jy, gelowige, wat sien jy? Sien jy in al die gebeure die einde van die hemel en die aarde naderkom?

God is duidelik in sy Woord: "Die einde van alle dinge is naby" (1 Pet 4:7). Hy is reeds besig om alles tot 'n einde te bring. Die einde van alle dinge beteken die vernuwing van alle dinge – die Seun van die mens wat op die wolke sal kom, 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waar nuwe verheerlikte gelowiges ewig by Christus sal wees (1 Tes 4:17).

Pasop! Waak daarteen dat jy nie soos die wêreld word nie! Wanneer jy soos die wêreld net jou beproewings raaksien en verligting in oormatige gebruik van drank, kalmeer- en ander verdowingsmiddels soek, sal die hopeloosheid van hierdie wêreld en jou eie lewe net vererger.

Die uitkoms is te vind by ons Trooster, die Heilige Gees. Hy laat ons gelowig na alles kyk. Die Heilige Gees laat ons die tekens sien dat Christus se koms naby is. Kyk deur die Heilige Gees verder. Sien Christus raak. Hy kom! Hy gaan alles nuut maak, ook vir jou!

*Sing: Skrifberyming 45/18-7:1, 3, 11, 12*

*Ds. Johan Nel (Akasia)*